

Die Sendbrief van Jakobus

Hoofstuk 4

Vers 1-12

Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring. Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon? Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid. Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog. Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter. Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel? (Jakobus 4:1-12 AFR53)

Vers 1

Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? (Jakobus 4:1 AFR53)

Die vraag dui aan dat Jakobus nou weer met 'n nuwe onderwerp/gedagte-eenheid begin.

Dié keer kom die voortdurende rusies onder die lidmate van die kerk(e) aan wie Jakobus skryf aan die beurt.

Daar word twee baie erg/skerp woorde gebruik om die onmin in die gemeente te beskryf:

- **Oorlog** (πολεμοι) – Hierdie woord word normaalweg gebruik wanneer twee stelle vyandige volke teen mekaar optrek.
- **Gevegte** (μαχαι) – Hierdie woord word normaalweg gebruik om 'n veldslag aan te dui – 'n plek waar mense geveg het en mekaar doodgemaak het.
- Die twee woorde hierbo word gebruik om 'n baie skril kontras teenoor (Christelike) *vrede* van hoofstuk 3:18 uit te druk.

En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak. (Jakobus 3:18 AFR53)

In die Griekse teks staan die woord *waarvandaan* twee keer: *Waarvandaan* kom oorloë en *waarvandaan* kom gevegte . . .

- Die rede daarvoor is dat Jakobus die *bron/oorsprong* van hierdie sonde wil beklemtoon.
- Die twee woorde teken die geweldige ernstigheid van die toestand wanneer daar onmin in die gemeente is.

- Die Heilige Gees ervaar dit as oorlog en as veldslae wanneer gemeentelede in onderlinge rusies betrokke raak.
- Die vraag is om te beklemtoon dat die gemeente van die Here Jesus nie die eienskappe moet hê van die leier van die demone nie – naamlik die lus na gemaksgenot, genot en oorheersing oor ander mense.

Dit lyk dus asof die jong Christendom uit die Jodedom oor die lus om rykdom en weelde te verkry, met mekaar in konflik gekom het.

. . . van julle welluste wat in julle lede stryd voer . . .

- Die luste van die gemeentelede voer oorlog teen mekaar en het verskillende veldslae tot gevolg.
- Maar dis geen geveg tot die eer van God nie, en geeneen van die veldslae is om die eer van God en die oorwinning van die evangelie te proklameer nie – dis tot verskeuring en vernietiging van God se kerk.

Die soort van gevegte in 'n kerk gaan alles oor persone en oor uiterlike dinge. Dis alles dinge wat nie tuishoort in 'n kerk waar die Here Jesus die Koning is en waar Hy deur sy Heilige Gees regeer nie.

Vers 2

Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. (Jakobus 4:2 AFR53)

Hierdie sin teken die ellendige toestand in kort, afgebroke sinnetjies.

- Die woord vir **begeerte** wat hier gebruik word, is nie dieselfde as die een wat vir **welluste** in die vorige vers gebruik word nie.
- Die woord wat hier gebruik word, beteken iets soos **suiwer sinnelike begeertes of onbeteuelbare begeertes**. Dus: **begeertes wat hand uitruk**.
 - Dis begeertes wat nooit versadig kan word nie.
 - Dis begeertes wat niks help nie, want dit hou mens onrustig omdat dit nooit 'n versadigingspunt bereik nie.

So 'n toestand is gevaarlik, want dis juis onbevredigde begeertes wat lei tot sondes – in 'n poging om die punt van bevrediging te bereik.

Die tweede deel van die vers is 'n weergawe van die resultaat van die toestand waarin die gelowiges is:

- Hulle onbevredigbare begeertes lei tot moord. Al klink dit hoe erg, al die handskrifte wat die teks weergee, het duidelik die woord: **moord**.
- Die Heilige Gees gebruik hierdie ontsettende skerp woord om die gelowiges wat aan vegterye skuldig is, hulleself te laat ontdek aan die werklike kwaad wat in hulle binneste is.

Die volgende woord is **naywerig**.

- Hierdie woord gryp terug na sake wat Jakobus vroeër in die brief al behandel het.

Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie? (Jakobus 2:6 AFR53)

Veroordeel, vermoor het julle die regverdige; hy versit hom nie teen julle nie. (Jakobus 5:6 AFR53)

Dit sinspeel daarop dat daar van hierdie Joodse Christene regters was, of dat hulle mekaar hof toe gesleep het, en mekaar daar uitgeroei het.

Dan die samevatting:

- **julle kan niks verkry nie.**
- **Julle veg**
- **en maak oorlog,**
- **en julle het nie**

En dan meteens die geweldige kontras: Want julle laat iets baie belangriks na! Julle doen iets nie wat baie noodsaaklik is dat julle dit moet doen: **Julle bid nie!**

Vers 3

Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.
(Jakobus 4:3 AFR53)

Hierdie vers begin met twee kontraste ten opsigte van die vorige vers:

- *Die een is 'n erkenning van iets wat die vorige vers ontken het!*
- *Die ander een is 'n erkenning (negatief) van iets wat in die vorige vers ook erken (negatief) word.*

Die eerste een kom in die volgende na vore:

- Daar het gestaan: . . . **omdat julle nie bid nie.**
- Die vers begin met: **Julle bid . . .**

Die tweede een is

- . . . **en julle het nie . . .** in die vorige vers
- saam met: **en julle ontvang nie** in hierdie vers.

Natuurlik sou die gelowiges met Jakobus stry en sê dat hy nie die waarheid praat as hy beweer dat hulle nie bid nie.

- Dis presies wat hy wil hê, want dan kan hy hulle tot besinning bring oor hoe en wat hulle bid:
 - ***Hulle gebede se inhoud en gesindheid is verkeerd!***
 - *Die bedoelings van hulle gebede is nie om God te vereer nie, maar is daarop gemik dat hulle God wil gebruik as instrument om hulle naastes te straf en te vernietig .*
- Hulle gebede het daarvoor gegaan dat hulle hulle welluste bevredig wou hê.
 - Genotsug het dus hulle gebede oorheers.

Vraag: Vir wie is rykdom tog nie 'n versoeking nie?

Vers 4

Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. (Jakobus 4:4 AFR53)

Die kerk is die Here Jesus se Bruid. Daarom word die lidmate in hulle (moedswillige) sondes hier aangespreek as **egbreeksters** (die vroulike vorm).

- Natuurlik is al die manne hierby ingesluit!
- Mens kan nie God en die wêreld tegelykertyd dien nie, want vriendskap met die wêreld beteken vyandskap teen God.

Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. (1 Johannes 2:15 AFR53)

Iemand wat in twis en naywer met sy naaste lewe, laat hom deur die wêreld regeer.

- Daarmee bewys hy dat die verkeerde dinge van die wêreld vir hom aanvaarbaar is.
- Hy toon dan terselfdertyd dat hy 'n vyand van God is, want God se liefde is nie vir hom aanvaarbaar nie.

Daar is baie klem op die woord **wil**. **Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees,**

As iemand hom deur sy eie begeertes laat lei, dan bewys hy daarmee dat hy uit die verhouding met die Here wil uit, en in 'n vriendskap met die wêreld wil in. *Daarom is die konklusie onafwendbaar: Dan is so iemand 'n vyand van God.*

Met hierdie sterk woorde word gelowiges gewaarsku om:

- nie aan sonde toe te gee nie
- en om ook diep selfondersoek te doen
- en sodoende tot bekering te kom.

Vers 5

Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon?
(Jakobus 4:5 AFR53)

Jakobus motiveer dit wat hy sopas gesê het met 'n bewys uit die Bybel.

NB: Let op hoe hy die lesers in 'n bepaalde verhouding tot die openbaring van God plaas:

- Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die gelowiges mekaar gedagvaar het en hofuitsprake teen mekaar gekry het.
- Nou maak hy hulle regters wat moet regspraak oor God se openbaring. Dit moes hulle geweldig geruk het!

Of meen julle – wat is julle regspraak oor dit wat God sê?!

Uit hierdie woorde lei ons af dat die lesers van Jakobus se brief baie goed geweet het wat in die Bybel (Ou Testament) staan.

Let op dat Jakobus iets aanhaal wat slegs by implikasie in die Bybel staan. Die presiese woorde staan nie so soos hy dit nou aanbied nie.

Waarom? Omdat hy weet dat hulle die openbaring van God wyer kan toepas as net die woorde waarmee dit geskryf staan.

Dit wat hy sê, is die samevatting van die volgende gedeeltes:

Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar. In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart. En die Here sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het. (Genesis 6:3-7 AFR53)

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. (Eksodus 20:3 AFR53)

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; (Eksodus 20:5 AFR53)

Want die Naam van die Here roep ek uit: Gee grootheid aan onse God! Die Rots – volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy. Hulle het verderflik teen Hom gehandel – die wat sy seuns nie was nie, maar hulle skandvlek – 'n verkeerde en verdraaide geslag. Durf julle dit die Here vergelde, o dwase en onwyse volk? Is Hy nie jou Vader wat jou geskape het nie; het Hy jou nie gemaak en jou toeberei nie? (Deuteronomium 32:3-6 AFR53)

Al hierdie Bybelgedeeltes bewys dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is.

God laat sy Gees in ons woon. Hy gee aan ons lewe

En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. (Genesis 2:7 AFR53)

(51:14) Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. (Psalms 51:12 AFR53)

Daarom is God 'n jaloerse God wat ons hele lewe ten volle vir Hom opeis.

Die egbreeksters wys daarop dat die gelowiges dus ontrou aan God geword het. Hy kan en gaan dit nie van sy bruid (kerkvolk) duld nie.

Ons mag nooit op twee gedagtes hink asof ons die Here wil dien of dalk nie wil dien nie. Ons moet Hom voluit dien. Dink hier aan die volgende uitsprake in die Nuwe Testament:

Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? (1 Korintiërs 6:19 AFR53)

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (2 Korintiërs 6:16 AFR53)

Vers 6

Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. (Jakobus 4:6 AFR53)

Die Here is 'n genadige God.

- Dis waar dat Hy Hom vertoorn oor die sonde.
- Dis ook waar dat Hy ons hele lewe vra.

Maar Hy gee ook genade:

- Hy gee al klaar die genade dat ons Hom mag dien.
- Maar dan gee Hy groter genade deur vergifnis te gee vir die wat voor Hom buig (met ander woorde nie hoogmoedig is nie).

Jakobus bewys dit deur Spreuke 3:34 aan te haal:

As dit spotters betref, spot Hy, maar aan die ootmoediges gee Hy genade. (Spreuke 3:34 AFR53)

NB: Hierdie vers word uit die Septuaginta aangehaal en nie uit die Hebreuse teks nie. Daarom verskil dit effens van ons vertaling in ons Ou Testament.

Die inhoud van die vers is dus dit:

- Die hoogmoediges loop hulle teen God vas – Hy bied weerstand teen hierdie mense.
- Die ootmoediges daarteenoor – wat nooit op iets aanspraak maak nie – kry by die Here genade.

Al word die Here Jesus se Naam nie genoem nie, is dit duidelik dat die vers sinspeel op die effek van sy kruisverdienste.

Vers 7

Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. (Jakobus 4:7 AFR53)

Vers 7 trek 'n konklusie: Die lesers moet mooi luister na wat hulle moet doen:

Eers negatief:

- Hulle moet nie op goeie voet met die wêreld wees nie.
- Hulle moet hulle ook nie teen God verset (verwaand wees soos die duiwel) nie.

Dan positief:

- Hulle moet hulle aan God onderwerp – dus: die duiwel weerstaan.
- Die gelowiges sal opmerk dat die Satan wegvlug van dié wat weerstand bied teen hom.

Jakobus werk dit nie verder uit nie. Hy en die lesers van sy tyd het geweet dat dit die waarheid is. Hy veronderstel hiermee weer die werk van die Here Jesus Christus. Die Here Jesus Christus het die duiwel reeds verslaan/oorwin. Vergelyk:

En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig? (Matteus 8:29 AFR53)

en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste

God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie. (Markus 5:7 AFR53)

En toe hy Jesus sien, skreeu hy uit en val voor Hom neer en sê met 'n groot stem: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek bid U, moet my nie pynig nie –
(Lukas 8:28 AFR53)

Vers 8

Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! (Jakobus 4:8 AFR53)

Die positiewe van vers 7 word in hierdie vers nader uitgewerk. **Nader tot God** is dieselfde as onderwerp julle aan God. Die oomblik wanneer dit gebeur, kom die seën van God na vore:

- God is nie 'n tiran – soos die duiwel – nie.
- Die oomblik wanneer ons Hom van harte aanbid, maak Hy die verhouding tussen ons en Hom ryker: Hy is in die Here Jesus Christus vir ons 'n genadige Vader.
- Ons mag voor hierdie God nader kom in ons aanbidding en nood.
- Hy verhoor dadelik en kom van sy kant af ook nader na ons toe.

Reinig die hande – Iemand wat moord gepleeg het en in oorlog was, se hande is vuil.

- Daarom is die betekenis van hierdie woorde duidelik: Kry jou lewe reg en doen afstand van die nydigheid en moordgedagtes in jou hart.
- Dit beteken dus: Gaan doen goeie daade/werke.

... julle sondaars ...

- Alle mense is sondaars (sopas egbreeksters genoem!), maar daar is bekering moontlik.
- Omgekeerd: Laat jou werke toon dat jou geloof hom teen die sondes draai.

... suiwer die harte ...

Maak jou binnekant skoon. Maak seker dat jou bedoelings suiwer is. Kry jou saak met God reg.

... julle dubbelhartiges!

Dié woord het met **hart** wat net vorentoe gebruik word, totaal niks te doen nie. Die woord beteken: 'n mens wat 'n dubbele lewe lei. Vergelyk hierby die uitspraak van die Here Jesus:

En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. (Matteus 22:37 AFR53)

Die hart is die diepste van jou menswees.

- Dit moet so suiwer wees dat dit net op Een Wese gerig is – op God ons Here.
- Daar moet nie tweeslagtigheid wees, dat die hart twee lewens beplan nie:
 - een vir die Here
 - en een vir die duiwel!

Toon my jou werke: Wys my dat jou hart nie plek het vir vuilhede nie en dat dit suiwer en alleen op die Here gerig is – en ek sal weet dat jou geloof opreg is!

Vers 9

Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid. (Jakobus 4:9 AFR53)

Dié vers bevat 'n aantal kort vermanings – maar heeltemal oor iets anders as die voorafgaande vers.

Weeklaag, treur en ween.

By Christene mag nie die soort van wêreldse blydschap wees waarvan Jakobus 1:2 gepraat het nie. Met ander woorde hulle mag nie bly wees oor die vreugdes wat sondes gee nie.

Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, (Jakobus 1:2 AFR53)

- Daarom moet al die soorte hartseer teenwoordig wees by gelowiges wat verkeerde dinge aangevang het.
- Dis 'n ander manier van sê: Julle moet opregte berou hê!

Hulle het allerhande verkeerde dinge gedoen:

Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie? (Jakobus 2:6 AFR53)

Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring. (Jakobus 4:3 AFR53)

Die gemeente moenie voel dat hy klaar die volmaaktheid met sy pad van bekering bereik het nie. Dit is fout!

- Elke gemeente moet die ellendes van sy sondes aanvoel.
- Hy moet kla en huil oor alles wat in hom verkeerd is!
- Sy vreugde (oor sy verwaandheid/sondes) moet plek maak vir neerslagtigheid (hartseer en berou).

Vers 10

Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog. (Jakobus 4:10 AFR53)

Die ware Christelike deug is om klein te raak voor die Here. By die Joodse Christene aan wie die brief geskryf word, het dit waarskynlik ontbreek. Daarom kom die opdrag aan hulle:

- Word klein voor die Here.
- As jy jou voor die Here verneder dan sal jy beleef/ervaar dat die Here die mens wat klein is voor Hom verhoog.

Die bedoeling van hierdie vers is dat die Heilige Gees daarmee aandrang op inwendige verandering.

Vers 11

Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter. (Jakobus 4:11 AFR53)

In 'n sekere sin begin hierdie vers ook weer met 'n nuwe onderwerp. Dit sluit tog baie nou aan by die vorige gedeelte.

Hierdie gedeelte handel oor die verhoudings in die gemeente – spesifiek verkeerde verhoudings. Die verkeerde verhoudings wat aangespreek word, se beginsel is dieselfde as die sonde wat in die vorige verse behandel en bestraf is.

Wat gesê word, is dat die gelowiges die wêreld in die kerk ingedra het.

- Die feit dat hulle hulle oorgegee het aan hulle luste, het veroorsaak dat hulle in konflik gekom het met ander mense.
- Dit het hulle genoop om hierdie ander mense uit hulle pad te probeer kry.
- Dit het hulle gedoen deur van die wat in hulle pad gestaan het, kwaad te praat/oor hulle te skinder.

Hierby is 'n ernstige beginsel betrokke:

- As jy agter iemand se rug kwaadpraat, dan benadeel jy daardie mens sonder dat hy/sy die geleentheid het om homself om haarself te verweer, of om sy/haar posisie te verdedig.
- Dit is sondig, want dit is in stryd met die broederliefde wat Christus van elke gelowige vereis.

Wat nog erger is, is dat kwaadpraat jou in konflik bring met die uitdruklike gebod (verbod?) van die Here Jesus dat ons nie mag oordeel nie. Om dit te verduidelik, sê Jakobus:

Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet;

Die uitspraak staan in Matteus 7:1

Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. (Matteus 7:1 AFR53)

Vergelyk ook die volgende uitsprake in die Bybel:

Vir die musikleier; op die wysie van: “Moenie verwoes nie.” Van Dawid. 'n Gedig. (58:2) Spreek julle waarlik geregtigheid, o gode? Oordeel julle die mensekinders regverdig? (Psalms 58:1 AFR53)

Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. (Matteus 7:24 AFR53)

Maar bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie. (Jakobus 5:12 AFR53)

Daar is natuurlik dele in die Bybel wat die saak nog sterker stel:

My kom die wraak toe en die vergelding, op die tyd as hulle voet sal wankel; want die dag van hulle ondergang is naby, en wat oor hulle beskik is, kom gou. (Deuteronomium 32:35 AFR53)

Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (Romeine 12:19 AFR53)

Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. (Hebreërs 10:30 AFR53)

Hierdie uitsprake – soos wat dit nou deur Jakobus hier in vers 11 aangehaal word – raak natuurlik die onderlinge verhoudinge in die gemeente.

- Kwaadpraat en om ander te oordeel, word uitdruklik deur die Here verbied.
- NB: **Die oordeel waarvan in hierdie vers gepraat word, is nie die funksie wat deur die owerheid verrig word nie, naamlik om reg te spreek.**

Die lidmate wat hulle skuldig maak aan hierdie oortreding, stel hulle teenoor die reg van God self!

- Daarom tipeer Jakobus dit hier as opstand teen God.
- Wie die wet oordeel, is nie alleen nie 'n dader van die wet nie, maar stel homself bo die wet van die Here aan, en tas daarmee die reg van God aan.

Vers 12

Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel? (Jakobus 4:12 AFR53)

Hierdie vers is byna opsetlik:

- Die Here is die enigste Wetgewer!
- Die Here is die enigste Regter of Een wat oordeel.

Voor Hom moet almal in gehoorsaamheid buig en die wet gehoorsaam wat Hy ingestel het.

Hy wat mag het om te red en te verderf is om ons die styl van God se reg en die uitoefening daarvan te laat verstaan.

- Dit laat ons verstaan hoe uiters beperk ons kwaadstokery en agterafpraterij teen ander mense is.
- Verder hoe sondig dit is omdat dit afsteek teen die absolute reg van God.
- En dan ook dat dit ons juis in die posisie plaas dat ons onder die vernietigende reg van God gaan beland omdat ons sy reg verdraai het en ons besondig het met ons optrede teen ander mense.

Ons kan nie ander oordeel nie, want ons kan nie sien wat in ander se harte omgaan nie.

- Daarom moet ons die oordeel aan God oorlaat:
- Hy kan met volmaakte reg oordeel en ook straf (vonnis oplê) waar sy reg oortree is.

Daarom word die beswadderaar opgewee teen God met die woorde: **Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel?**

Opsomming en waarskuwing vervat in die gedeelte Hoofstuk 4:1-12:

Die toestande in die gemeente(s) aan wie Jakobus geskryf het, was destyds swak en hartseer.

- Hy word deur die Heilige Gees gedring om hulle te waarsku en te vermaan oor hulle sondes.
- Maar hy doen dit op so 'n manier dat hulle hulle sondes kan insien – want dis duidelik dat hulle uit hulle eie kultuur en agtergrond nie gedink het dat hulle verkeerd doen nie. (Hulle het nie besef wat hulle besig was om te doen nie!).
- In die algemeen was hulle houding wêrelds. Anders gesê: Hulle het toegelaat dat hulle deur die tydsgees saamgesleep word.
 - Hulle het baie ernstig probeer om ander te verdring deur hulleself op die voorgrond te stel.
 - Hulle het verwaand hulle eie begeertes probeer verwesenlik.
 - Haat en ongelouterdheid in hulle verhouding met God het aanleiding gegee dat hulle ander mense benadeel het.

Hoofstuk 4:13-17

Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak – julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. In plaas dat julle sê: As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen. Maar nou roem julle in jul grootpraterij. Al sulke roem is verkeerd. Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde. (Jakobus 4:13-17 AFR53)

Vers 13

Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak – (Jakobus 4:13 AFR53)

Jakobus gaan oor tot 'n ander konkrete onderwerp:

- Die ernstige sonde dat gelowiges in hulle daaglikse lewe vergeet dat God die wêreld – en alles daarop – regeer!

In hierdie gedeelte bestraf Jakobus nog 'n (ander) wêreldse gesindheid. Dit hang nie direk saam met die vorige gedeelte nie.

- Die vorige perikoop het gehandel oor skinder en kwaadpraterij.
- Hierdie gedeelte behandel onnadenkendheid – die spesifieke ding dat mens vergeet dat
 - God elke oomblik oor alles beheer uitoefen –
 - maar in die besonder dat God in my persoonlike lewe ook alles beheer en bestuur.

Jakobus skryf in die volgende hoofstuk van die wanbedrywe wat onder die gelowiges plaasgevind het:

- Dit blyk dat 'n klomp van die mense vir wie hy geskryf het, op ryk mense se grond gewerk het.
- Daar was ook baie rykes in die gemeente.

Die veronderstelling is dat hierdie mense hulle beplanning so doen dat hulle nie met God rekening gehou het nie.

- Hulle het aangegaan asof hulle die mense was wat beplan het en wat beskik het.
- Hulle dink dis hulle besluite wat bepaal wanneer hulle na watter stad toe reis om hulle ware daar te gaan verkoop.
- Die regte ding sou wees dat daar beplan word dat God se wil uitgevoer moet word en dat volle erkenning aan die beskikking van God gegee moet word.
- Hy beskik oor die volle lewe.

Vers 14

julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. (Jakobus 4:14 AFR53)

Hierdie vers maak baie duidelik dat 'n mens nie eens sy eie lewe beheer nie.

- **julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie**
- **Want hoedanig is julle lewe?**

Weet 'n mens of jy môre nog sal lewe?

- Is ons in beheer van alles wat môre moet gebeur?
- Beplan ons dit alles, of word dit van Buite af beskik?

Tussen môre en aand word hulle verpletter; hulle kom vir ewig om sonder dat iemand daar ag op gee. (Job 4:20 AFR53)

Het jy, solank as jy lewe, die môre ontbied, die dageraad sy plek aangewys, (Job 38:12 AFR53)

Kom nou, julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom. (Jakobus 5:1 AFR53)

**As ek in Éfese op menslike wyse met wilde diere geveg het, watter voordeel was dit vir my?
As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons! (1 Korintiërs 15:32 AFR53)**

Die Heilige Gees gebruik 'n beeld om die kortstondigheid en ook die verbygaandheid van 'n mens te verduidelik:

- 'n Mens is soos 'n wasemdamp wat 'n oomblik in die lug bly hang wanneer iemand op 'n koue oggend sy asem uitblaas – en die volgende oomblik het die wasemdamp verslaan.
- So is 'n mens – hy kan nie eens oor sy eie voortbestaan besluit en beskik nie.
- Hoe dink so 'n mens is dit moontlik dat hy oor die lewe kan heers en dinge kan beplan en beskik wat moet gebeur?

Jakobus speel dus die mens se tydelike beplanning/voorneme teen God se ewige Raad af.

Vers 15

In plaas dat julle sê: As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen. (Jakobus 4:15 AFR53)

Van vers 13-15 het Jakobus die handelaars (koopliede) voor stok gekry en onderrig oor hoe die beskikking van die lewe inmeekaarsit. Daaruit moes hulle leer hoe hulle moes praat en dink.

In hierdie vers word hulle letterlik voorgesê wat hulle moet **bely** (nie **sê** nie!) as hulle hulle toekomsplanne aan ander mense voorlê.

Is dit belangrik? Natuurlik! Waar jou hart (verhouding met die Here) van vol is, daarvan loop jou mond (jou belydenis teenoor die wêreld!) oor!

NB: Ons praat ook van *toevallig*.

- As ons die woord gebruik, bely ons teenoor die wêreld dat ons nie die beskikking van God ernstig opneem nie (= *betwyfel* of *ons nie juis daaraan steur nie*).
- Uiteraard kan die Here nie met so 'n ondeurdagte manier van praat vrede hê nie.

Vers 16

Maar nou roem julle in jul grootpraterij. Al sulke roem is verkeerd. (Jakobus 4:16 AFR53)

Julle roem – maar waarin roem julle?

- Julle roem in dinge wat die koninkryk van God mis! – naamlik julle grootpraterij.
- Dieselfde fout lê aan die wortel van hierdie sonde as by al die vorige sondes wat opgenoem is:

verwaandheid en 'n hoogskatting van jouself.

Wat Jakobus sê, is dit: “*As julle nadink oor die dinge waaroor julle loop en grootpraat, sal julle besef dat julle loop en roem oor dinge en omstandighede waaroor julle nie beheer het nie. Al daardie soort grootpraterie (roem) is sleg en sondig, omdat dit die majesteit van God aantast!*”

Is daar 'n verband tussen hierdie vers en vers 11?

Vers 17

Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde. (Jakobus 4:17 AFR53)

Hierdie is bloot 'n afsluitingsin.

- Jakobus is oortuig daarvan dat hy geskryf het oor dinge wat baie goed aan sy lesers (alle gelowiges!) bekend is.
- Daarom skryf hy sommer reguit oor die dinge: Dis sonde.

Dis sonde om te vergeet dat God oor jou lewe beskik, en dis sonde om in al jou beplanning nie voluit daaraan erkenning te gee nie.